

## LEERSTELLIGE EN AKTUELE SAKE (STLAS)

### 1. AGTERGROND

Die moderatuur van Noordelike Sinode het op 'n vergadering in die middel van die jaar besluit dat *leer-en-aktuele sake* in ons sinode weer, soos vroeër jare aan 'n bepaalde taakspan (voorheen kommissie) toegewys moet word. James Kirkpatrick is as assessor van die sinode gevra om 'n konstitueringsvergadering vir so 'n taakspan te reël. Die taakspan is saamgestel uit kollegas wat óf deur hulle ring aanbeveel is, óf deur 'n wenk van moderatuurslede aanbeveel is óf wat aangebied het om by so 'n taakspan betrokke te wees. 'n Eerste vergadering is op Vrydag 29 Julie 2016 gehou en Fanie Cronjé is in sy hoedanigheid as Noordelike Sinode se verteenwoordiger op die Algemene Sinode se Taakspan vir Leerstellige Sake (ASTLAS) gevra om by Noordelike Sinode se taakspan die leiding te neem. 'n Tweede vergadering is op 29 Augustus 2016 gehou. By dié vergadering is hierdie verslag opgestel.

### 2. PERSONEEL

Die volgende persone se name is aan James Kirkpatrick deurgegee as lede van die sinode se taakspan: Fanie Cronjé, Kobus Myburg, Tjaart Meyer, Petrus Kriel, Karel van der Westhuizen, EJ Leach, Chris Harris, Fay van Eden, Corné Randall, Jaco Putter, Frans du Plessis, Cobus van Wyngaard, Marco La Grange, Willem Pretorius, Rykie Howell, André van Niekerk. Van die kollegas was by beide vergaderings, sommige by een van die twee vergaderings, terwyl die helfte van die kollegas nie by een van die twee vergaderings teenwoordig was nie.

### 3. MANDAAT AAN STLAS

Die Algemene Sinode is die beleid sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. STLAS doen dus nie die werk van ASTLAS "oor" of dupliseer dit nie. STLAS is wel 'n belangrike skakel en verteenwoordig 'n weder-sydse kommunikasielyn tussen STLAS (Noordelike Sinode) en ASTLAS (Algemene Sinode).

Die Sinodale Diensteraad (SDR) van Noordelike Sinode dra aan STLAS op om met die oog op Noordelike Sinode se sitting in Oktober 2016 aandag te gee aan die belyning van gesprekke gedurende ons sinode sitting en drie dokumente van ASTLAS, te wete

1. Gespreksdokument oor *Skrifgesag en Skrifgebruik*;
2. Gespreksdokument (besluite) oor *Selfdegeslagverhoudings*;
3. Gespreksdokument (besluite) oor *Kerkverband*.

### 4. INRIGTING VAN WERKSAAMHEID

Tydens sy eerste vergadering besluit STLAS om op die volgende wyse aandag te gee aan die versoeke van die SDR van Noordelike Sinode:

- ons wil ruimte skep vir breë gesprek binne ons sinode, al mag dit van tyd tot tyd behels dat daar ernstige verskil van mening, of selfs konflik in die sinode mag wees. Wat deurslaggewend gaan wees is die wyse waarop ons met mekaar verskil en die mate waarin ons respek en wedersydse aanvaarding van mekaar bly toon;
- in Noordelike Sinode behoort ons 'n manier vind waarop ons teenstrydighede kan akkommodeer, selfs in verslae wat mag dien. Pastorale aanslag gaan oor hoe ons mekaar behandel wanneer ons na alle kante toe voel ons is pastoraal en ons is reg. Laasgenoemde is eintlik die moderatuur tydens die sitting se verantwoordelikheid.

Tydens sy tweede vergadering neem STLAS kennis dat sy verslag opgestel moet word met in agneming van hoe gespreksvoering gedurende die sinode sitting ingerig gaan word, te wete:

- 'n inleier uit die taakspan se geledere stel die verslag aan die orde;
- 'n aangewese persoon uit elk van die ringe wat aangedui het dat hulle 'n spreekbeurt verlang, kry geleentheid om hulle saak te stel;
- vervolgens is daar geleentheid vir oop gesprek waaraan lede van die vergadering wat wil, deelneem;
- indien van toepassing gaan die sinode oor tot die hantering van versoeke, suggesties, aanbevelings en/of besluite.

### 5. UITVOERING VAN MANDAAT VAN SDR ONTVANG

Die taakspan gee uitvoering aan sy mandaat deur elkeen van bogenoemde drie "gespreksdokumente" deeglik te bespreek met kommentaar aan die sinode in sitting. Wat hier aan die vergadering gebied word, is die essensie en belangrikste punte na aanleiding van die taakspan se hantering van die drie "gespreksdokumente".

## 5.1 Gespreksdokument oor *Skrifgesag en Skrifgebruik*

Die dokument *Ons Christelike geloof en die wetenskap* is deur die Algemene Sinode van 2015 aanvaar met die opdrag dat sinodes in die onderskeie streke die dokument onder predikante en gemeentede aan die bot sal laat kom.

Dié verslag is te vinde in die Agenda van die Algemene Sinode 2015 (Leerstellige Sake Bylae 3 pp. 267-292), terwyl die besluite wat in die verband goedgekeur is verskyn op p. 253 van die Agenda onder 4.1.4. Sien ook die Handeling van die Algemene Sinode 2015 p. 62. (BYLAAG 1 VAN HIERDIE VERSLAG)

Die betrokke besluite van die Algemene Sinode lui:

4.1.4.1 Die Algemene Sinode neem die dokument (*Ons Christelike geloof en die wetenskap*) BYLAAG 3 ter tafel.

4.1.4.2 Die Algemene Sinode moedig sinodes, ringe en gemeentes aan om hierdie dokument prakties aan te wend in gesprek met lidmate.

4.1.4.3 Die Algemene Sinode ondersteun die inisiatief van ALTAS in die volgende jare om in samewerking met die onderskeie sinodes, geleenthede met predikante van daardie sinodes te skep, om na aanleiding van hierdie hermeneutiese benadering onderskeidend tekste te lees.

4.1.4.4 Die Algemene Sinode aanvaar dat daar diegene is wat nie saamstem met hierdie hermeneutiese benadering nie en nooi juis daarom almal, van watter oortuiging ook, om hierdie inisiatief te ondersteun en hulle benaderings met mekaar te toets.

4.1.4.5 Die Algemene Sinode versoek sinodes om hierdie inisiatief prakties te ondersteun met die nodige finansiële en logistieke hulp.

Ter wille van 'n verantwoordelike bespreking van dié dokument het STLAS ook 'n dokument getiteld *Skrifbeskouing en Skrifgebruik in die NG Kerk* (BYLAAG 2 VAN HIERDIE VERSLAG) wat die historiese verloop van die NG Kerk se besluite t.o.v. Skrifbeskouing en Skrifhantering kortliks weergee hanteer. Dié dokument is deur James Kirkpatrick opgestel.

Twee dinge wat vir STLAS opvallend is:

- In die NG Kerk is daar en was daar nog nooit onduidelik oor die gesag van die Bybel nie.
- Daar is wel verskil oor hoe die gesag verstaan en in besluit aan die bot behoort te kom.

Ter wille van verdere verheldering én bestuur van diversiteit binne ons kerk, het Fanie Cronje 'n verder dokument aan STLAS beskikbaar gestel met die oog daarop om ons te help t.o.v. 'n verantwoordelike en veilige gespreksraamwerk. Dié dokument *getiteld Relativisme, perspektivisme, geldigheid en konsensus* word as BYLAAG 3 van hierdie verslag aangebied.

Die dokument put uit Ferdinand Deist se boek wat in 2000 deur Sheffield Academic Press uitgegee is met die titel *The Material Culture of the Bible. An Introduction*. Die bedoeling van dié dokument is om ons net verder te help dink in terme van relativisme en konsensus. Die volgende is gedagtes uit die vergadering na aanleiding van die dokument:

Daar is lidmate en predikante wat voel dat daar wel universele waarhede is. Die vergadering is dit met mekaar eens dat ons eerder moet praat van universele waarhede vir/volgens 'n bepaalde groep. Dit is 'n gegewe dat mense wat nie deel van 'n bepaalde groep is nie, nie dit wat die groep aanbied as universele waarhede as sulks aanvaar nie. In die verband kan ons dink daaraan om binne die kerk gemene grond te vind na aanleiding deur die verdiskontering van 'n supra-identiteit in ons verskille.

Die vergadering voel sterk daarvoor dat ons nie moet maak of daar in ons sinode konsensus is nie, as daar nie so iets is nie, maar eerder net 'n veelheid van perspektiewe. In die verband is dit belangrik om daarop te wys dat die Algemene Sinode van 2015 se besluit oor selfdegeslagverhoudings nie 'n konsensus besluit is nie, maar wel 'n meerderheidsbesluit.

Die vergadering stem saam dat kompromie en konsensus nie dieselfde is nie. Met 'n kompromie gee elkeen iets prys en laat dit meestal die partye met 'n gevoel van onvergenoegdheid. 'n Kompromie kom dikwels neer op 'n nuwe besluit. Konsensus nooi ons uit om vir die oomblik saam met die meerderheid stem te gaan, sonder om dié stem te verhef tot die enigste, of absolute "waarheid". Met konsensus gaan die gesprek voort. Konsensus is vir ons 'n beter opsie.

Vir die vergadering is dit baie belangrike dat 'n veilige ruimte vir luister en gesprekvoering geskep word. In die verband kan die waardes van ons kerk se *Luisterseisoen* help. Wat vir ons wel belangrik is t.o.v. 'n veilige ruimte is:

- Dat elkeen sy/haar standpunt onbevange mag stel;
- Dat elkeen 'n goed beredeneerde standpunt behoort te stel;

- Dat elkeen se standpunt inderdaad sy/haar standpunt is en nie my weergawe daarvan nie.

Ons soek na 'n geloofwaardige lees van die Bybel. Nie die enigste, nie dié korrekte, maar die een wat getuig van aanneemlikheid, egtheid, integriteit en geloofwaardig.

## **5.2 Gespreksdokument (besluite) oor Selfdegeslagverhoudings**

*Besluiteregister van die 16de vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gehou te Afrikaanse Hoër Seunskool, Pretoria Sondag 4 tot Vrydag 9 Oktober 2015. Selfdegeslagverhoudings* (A.19 (Aanvullende Agenda) bl 80 pt 4

(Notule Dag 4 pt 12).

4.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die terugvoering van die Moderamen ten opsigte van die opdrag rakende selfdegeslagverhoudings.

(Notule Dag 6 pt 13)

2.1 Die Algemene Sinode herbevestig die gelykwaardigheid van alle mense ongeag seksuele oriëntasie en verbind haarself tot die handhawing van die menswaardigheid van alle mense.

2.2 Die Algemene Sinode verklaar dat hetero- en homoseksuele persone wat in 'n verhouding van persoonlike geloofsgehoorsaamheid aan die Here leef, ten volle kan deelneem aan al die voorregte van die kerk as verbondsgemeenskap.

2.3 Die Algemene Sinode herbevestig die besluite oor die huwelik van 2004, 2007 en 2013 dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as 'n huwelik beskou word.

2.4 Die Algemene Sinode besluit om in die lig van 2.1 hierbo erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou – en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.

2.5 Dieselfde Christelik-etiese standaarde (leer en lewe) geld vir die legitimasie en ordening van alle persone. Punt 7 van die besluit van 2007 verval.

2.6 Die Algemene Sinode erken die diversiteit van beskouinge oor selfdegeslagverbintenisse binne die NG Kerk en bevestig die reg van kerkrade om hieroor hulle eie standpunte en praktyke te formuleer en te reël.

2.7 Die Algemene Sinode bevestig die diskresie van kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes te hanteer en versoek hulle om dit in 'n gees van Christelike liefde te doen.

2.8 Die Algemene Sinode bied hierdie besluite oor selfdegeslagverhoudings aan met nederigheid na 'n ernstige soektog en as die beste toepassing van die boodskap van die Bybel soos ons dit tans verstaan. Die Algemene Sinode versoek lidmate, gemeentes en kerkvergaderings om weereens op 'n selfstandige soekproses na die toepassing van die boodskap van die boodskap van die Bybel hieroor te gaan. In die soektog kan studiestukke van die Algemene Sinode van 2007, 2011, 2013 en 2015 ernstig gelees word. In ooreenstemming met NGB Art 2 behoort die besondere en algemene openbaring gebruik te word, dws die beste huidige menswetenskaplike bevindings.

2.9 Die Algemene Sinode besluit om 'n Christelik-Bybels-etiese model oor die seksualiteit vir alle mense te ontwikkel om gemeentes te begelei in die lig van voorafgaande besluite. Hierdie saak word ook verwys na die Taakspan vir Leerstellige en Aktuele Sake, wat reeds 'n soortgelyke opdrag in A.8.2 bl 172 punt 7.4 ontvang het.

2.10 Die Algemene Sinode besluit om 'n bevatlike oorsig van die NG Kerk se reis met homoseksualiteit saam te stel en te versprei om gemeenteleiers te bemagtig in die begeleiding van gemeentes oor hierdie saak.

Selfdegeslagverhoudings: Namibië (Notule Dag 6 pt 13)

1. Die Sinode van Namibië versoek die Algemene Sinode om kennis te neem dat pt 4 in die goedgekeurde voorstel wat soos volg lees “erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag”, in stryd is met die landswette van Namibië.

2. Die Algemene Sinode keur goed dat hierdie besluit oor selfdegeslagverhoudings nie van toepassing is op die Sinode van Namibië nie.

Selfdegeslagverhoudings: Kerkregtelike en Regsimplikasies (T.18.5 bl 1pt 1, Notule Dag 6 pt 13)

1.1.1 Die Algemene Sinode dra dit aan die ASR op om die kerkregtelike- en regsimplikasies van enige besluit(e) insake selfdegeslagverhoudings te ondersoek, met verslag en aanbeveling aan die Algemene Sinodale Moderamen.

1.1.2 Die Algemene Sinode neem kennis dat volgens die *Civil Union Act*, 17 van 2006 vereis word dat denominasies skriftelik by die Minister moet aansoek doen om toestemming te verkry om selfdegeslagverbintenisse te voltrek (vergelyk Klousule 5 wat soos volg lees: *Designation of ministers of religion and other persons attached to religious denomination or organisation as marriage officers: (1) Any religious denomination or organisation may apply in writing to the Minister to be designated as a religious organisation that may solemnise marriages in terms of this Act*).

Selfdegeslagverhoudings – Mense wat seergekry het (Notule Dag 6 pt 13)

3.1 Vanuit ons verbintenis tot die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid sê ons as Algemene Sinode opreg jammer vir mense wat seergekry het en wie se waardigheid aangetas is weens enige homofobiese taal, gedrag of gesindheid van die kant van die kerk, ook tydens hierdie vergadering.

3.2 Die Algemene Sinode weerhou haarself voortaan van enige homofobiese taal, gedrag en gesindheid juis vanweë ons verbintenis aan die Seisoen van Menswaardigheid, en ook vanuit 'n diepe oortuiging van die diskriminerende aard van sodanige taal, gedrag en gesindheid as gevolg daarvan.

STLAS voer gesprek na aanleiding van bogenoemde besluite (sien ook Bylaag 7 - die dokument getiteld *Die pad van die NG Kerk met homoseksualiteit* wat 'n historiese oorsig bied).

STLAS neem kennis van AS 2015 se besluite en die nadraai daarvan en wys die vergadering van Noordelike Sinode daarop dat:

- die uitvoering van bogenoemde besluit gestuit is hangende verskeie appêlle wat tans by die moderamen van die Algemene Sinode dien asook twee teenoorstaande regsmenings.
- nóg STLAS, nóg Noordelike Sinode kan dus in die verband enige besluite neem. Ons mag wel die saak as sinode bespreek.

Ten opsigte van gesprek binne ons sinode oor die algemeen sê STLAS:

- Ons kan as sinode onder meer praat oor die huidige verskille in ons kerk en sinode en oor moontlike maniere waarop ons met diversiteit in ons kerk kan saamleef.
- Die taakspan bevestig weer dat ons nie konflik wil vermy nie en dat ons beslis ook nie sake onder die mat wil inwee nie. In die sinode moet ons verskille en konflikte in die ope bring en dit bestuur.

STLAS voel ons behoort die gesprek oor selfdegeslagverhoudings in ons sinode te begin met die vraag na waar die konsensus t.o.v. die besluite van die AS (2015) onder ons lê en waar die verskille in die gesprek onder ons lê.

- Onder STLAS lede is daar konsensus t.o.v. die besluit van die AS 2015 in verband met selfdegeslagverhoudings;
- STLAS oordeel dat daar twee besluite van die AS (2015) is wat onhoudbaar is, te wete:  
*2.3 Die Algemene Sinode herbevestig die besluite oor die huwelik van 2004, 2007 en 2013 dat slegs die verbintenis van een man en een vrou as 'n huwelik beskou word.*  
*2.4 Die Algemene Sinode besluit om in die lig van 2.1 hierbo erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag wat gekenmerk word deur liefde en trou – en maak voorsiening dat hierdie verbintenisse deur predikante wat hulle weg oopsien, bevestig kan word.*
- In die lig van bogenoemde twee punte voel STLAS dat ons in die NG Kerk mank gaan aan 'n grondige besinning van die huwelik en wat dit konstitueer, asook 'n gebrekkige seksuele etiek (ons wil eintlik graag praat van 'n etiek van verantwoordelikheid).
- Die vraag word gevra of die besluit nie ook vra om 'n herbesinning t.o.v. ons kerk se ampsbeskouing nie.

### 5.3 Gespreksdokument (besluite) oor Kerkverband.

- STLAS neem kennis dat die moderamen van die Algemene Sinode dié gesprek aan die hand van 'n vraelys wil struktureer. Ten tye van STLAS se laaste vergadering was die vraelys nog nie ontvang nie en kon STLAS gevolglik nie met hierdie deel van sy mandaat handel nie.
- STLAS versoek Noordelike Sinode om seker te maak dat die kwessie van **Taal** wel aan die orde sal kom wanneer hierdie gesprek/vraelys hanteer gaan word.
- Intussen het STLAS die betrokke vraelys van die Algemene Sinode se taakspan af ontvang. Die kommunikasie vanaf die sinode lui soos volg:
  - Daar is 'n versoek van die Algemene Taakspan Kerkverband om insette te gee rondom die kerkverband gesprek.
  - Dit is 'n belangrike saak en die ASM se tweede belangrikste prioriteit.
  - Van die streeksinodes vergader in die afsienbare tyd. Dit sou goed wees, indien moontlik, om dalk 'n gesprek rondom kerkverband gedurende die sitting te voer.
  - Die verslag A11 (Bylaag 6, maar sien ook Bylaag 7) van AS word na streeksinodes verwys met hierdie vrae wat daarby moet kom:
    - Wat is u streeksinode se belangrikste fokusse/ doelstellings/ prioriteite/ oogmerke/verantwoordelikhede? Hoe kan die Algemene Sinode se patroon en doelstellings julle help daarom werklik uit te voer (Waarmee is julle besig en hoe kan die Algemene Sinode julle daarmee help)?

- 
- Watter kriteria kan en gaan u sinode gebruik om vas te stel of die Algemene Sinode se bydrae positief, ondersteunend en suksesvol was? (Help die Algemene Sinode? En hoe gaan julle dit bepaal?)
  - Indien die Algemene Sinode twee dinge wat op sy terrein lê binne die volgende ses maande kan verander, watter twee dinge sal binne jou sinode die meeste waarde hê en voordele inhou? (Gee kreatiewe insette van hoe die Algemene Sinode kan verander).
  - Watter, indien enige historiese spanning en/of konflikterende verwagtinge het dit vir die Algemene Sonde moeilik gemaak om aan u sinode se verwagtinge en vereistes te voldoen? (Na watter bagasie van die Algemene Sinode moet gekyk word?)

## **6. BEHOEFTE IDENTIFISERING DEUR STLAS**

Die volgende is sake wat STLAS oordeel die sinode kan oorweeg om moontlike aan 'n volgende STLAS deurgee te gee met die oog op studie en aanbevelings aan 'n volgende gewone sitting van Noordelike Sinode:

- politieke bestel - onderskeid tussen anargie en anargisme;
- ekonomiese bestel: - vryemark, ongebreidelde kapitalisme en die gaping tussen ryk en arm;
- verduidelikende omskrywing van terme soos fundamentalisme en liberalisme; wat verstaan ons onder hierdie terme en hoe kan ons mekaar help om dit reg te gebruik wanneer ons dokumente opstel en/of met mekaar in gesprek is;
- hoe verskil ons met mekaar en hoe hanteer ons diversiteit in ons sinode;
- 'n etiek van verantwoordelikheid, met in begrip van seksualiteit en ons huweliksbeskouing.

## **7. TEN SLOTTE**

Hiermee vertrou STLAS dat hy op 'n bevredigende wyse aandag gegee het aan die mandaat hom toevertrou.

**SI (Fanie) Cronjé**

Voorsitter